19 APRIL 2026

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | WIE STAP SAAM? | LUK. 24



"SOLVITUR AMBULANDO" IS A LATIN PHRASE MEANING "IT IS SOLVED BY WALKING".

– ST. AUGUSTINE

# GELUKWENSING

Baie geluk aan **Jana en Emile** met die bevestiging van julle huwelik!

Mag elke dag saam vir julle nuwe vreugde, liefde en kosbare herinneringe bring. Ons wens aan julle is 'n voorspoedige en geseënde toekoms saam.

*Julle moet mekaar liefhê, soos ek julle liefhet. - Joh. 15:12*





# NAGMAAL & GEMEENTE-TEE

Ons vier **Nagmaal** saam hierdie Sondag, **19 April** om 09:30 in die erediens.
(Dis op ons kalender vir 26 April, maar dis 'n langnaweek so ons het dit 'n week vroeër geskuif).

Ons kuier weer saam by ons **Gemeente-tee** (waar ons ook koffie bedien), hierdie Sondag - **19 April** na afloop van die erediens in die bo-saal.

# WELKOM GR-LEDE

Baie geluk aan Hennie Fourie en Ryno de Kock met julle verkiesing tot die Gemeenteraad.

Ons bid dat die Here julle sal lei in hierdie termyn van bediening. Mag julle iets nuuts ontdek oor Hom en oor jouself. Ons bid dat julle gawes tot voordeel van die Koninkryk gewend sal word. Dankie dat julle julleself beskikbaar stel hiervoor.






TORINGKERK

# WYNVEILING & WYNPROE

MET WICUS VAN DER MERWE



8 MEI 2026
18:00 BY TK SAAL
R120 PP

KRY JOU KAARTJIES AANLYN | WWW.TKMARKIETIE.CO.ZA

KONTANT KROEG BESKIKBAAR | BRING EIE EETGOED

# THE CHOSEN

Ons kyk weer ***The Chosen*** reeks saam as gemeente. *The Chosen* gee ons die geleentheid om die Evangelie op 'n vars manier te sien en Jesus se liefde, lewe en lyding te herontdek.

Ons kyk een episode elke Sondagaand en gesels dan daaroor daarna.

**Sondae 17:30-19:30 in die kerk.**

***Enige navrae of vir meer inligting kontak vir Marissa (0834130119), Jozef (0823015063) of Jana.***





# MSINGA UITREIK/INREIK

Ons gemeente is al vir baie jaar deel van die bediening, ondersteuning en samewerking met gemeentes in Msinga (Kwazulu Natal). Ons het ook jaarliks daar gaan besoek doen vir verhoudingbou en ondersteuning. Ons wil weer hierdie jaarlikse besoeke op die been bring. Dit was in die verlede 'n uitreik genoem maar ons besef daar is baie meer wat met òns gebeur wanneer ons so gaan kuier, ondersteun en bedien, en daarom is dit ook 'n inreik.

***As jy belangstel om saam te gaan of betrokke te raak by hierdie uitreik/inreik, kontak asb vir Peet.***

# MARKIETIE

Ons het ons eerste Markietie vergadering gehad vir 2026 en is baie opgewonde en vol energie om dit weer 'n ongelooflike gemeente-geleentheid te maak!

Indien jy belangstel om betrokke te raak of idees het wat kan help, kom asb na ons volgende vergadering toe:

**20 April 2026**
**Toringkerk bo-saal**
**18:00**

Ons gaan al julle hande nodig hê om te help maar *watch this space*!



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

TORINGKERK

# dagboek DIE DATUM



**2 APR** — **WIT DONDERDAG**
TORINGKERK| 18:30



**3 APR** — **GOEIE VRYDAG**
AGTER-PAARL | 09:00



**5 APR** — **OPSTANDINGSONDAG**
TORINGKERK | 09:30



**12 APR** — **THE CHOSEN BEGIN**
TORINGKERK | 17:30-19:30



**8 MEI** — **WYNVEILING**
TORINGKERK SAAL| 18:00



**14 MEI** — **HEMELVAART`**
TORINGKERK | 18:30

# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

19 Apr Isabella Nel
19 Apr Johan Teichmann
19 Apr Pieter Zwanepoel
20 Apr Nickle Koch
20 Apr Willie Mans
20 Apr Katrien Nieder-Heitmann
21 Apr Sofie Meunier
21 Apr Vivian Vorster
22 Apr Emma Du Toit
22 Apr Alex Hanekom
23 Apr Tristan Goslett
23 Apr Sydney Kloppers
23 Apr Cilliers Sandenbergh
24 Apr Annemarie Grobbelaar
24 Apr Reinette Immelman
24 Apr Fanie Nel
24 Apr Peter-Ben Pagel
25 Apr Charlene Gebhardt
25 Apr Andreas Scheepers
25 Apr Carla Smit

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Tema: Samuel

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect hierdie Sondag van na kerk tot 11:30.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk Dinsdae aande om 19h00 in die Bo saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 19 April**
Luk. 24:13-35

**MAANDAG, 20 April**
Jes. 41:8-10

**DINSDAG , 21 April**
Ex. 4:10-17

**WOENSDAG, 22 April**
Luk. 8:19-21

**DONDERDAG, 23 April**
Ps. 37:27-40

**VRYDAG, 24 April**
1 Pet. 4:7-11

**SATERDAG, 25 April**
Mark. 16:15-20

**SONDAG, 26 April**
Joh. 10:1-10

# DEURKOLLEKTE

## SINODALE KOLLEKTE : GEMEENTEBEDIENING

Die diensgroep word gevra om te kom help as kerkrade en predikante begeleiding nodig het met verskeidenheid van situasies. Die diensgroep begelei gemeentes in geloofsonderskeidende prosesse om hulle roeping te ontdek in die gemeenskap waar die Here hulle geplaas het en om die verskillende aspekte van hulle bediening in lyn daarmee aan te pas en te vernuwe. Die diensgroep lei begeleiers op en ontwikkel prosesse en materiaal wat gemeentes help om hierdie ontdekkings van hulle roeping te maak. Die diensgroep finansier die begeleiers sodat dit nie 'n las op die gemeente is wat begelei wil word nie. Die deuroffer help die diensgroep om dit te kan doen.

# KALENDERBORG: APRIL

Ouma SE KOMBUIS

064 789 5220
19 Kasteel Straat, Paarl
frannbrand@yahoo.co.uk
Ouma se Kombuis

# KONTAK ONS GERUS!

## ONS WIL GRAAG GESELS!

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

### JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

### TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

### AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

## DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

**TORINGKERK ZAPPER**

# TK WHATSAPP

## TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN
BLY IN KONTAK
METJOU
TORINGKERK
GEMEENSKAP
VIA
WHATSAPP

**TORINGKERK WHATSAPP GROEP**

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.